SPORT-VASVRA

Deur Albé Grobbelaar

VRAE:

1. **Watter swart Amerikaanse atleet het in 1936, tot groot ontsteltenis van Hitler, vier goue medaljes by die Olimpiese Spele in Berlyn gewen?**
2. **Wie is die hoofafrigter van die Vodacom-Cheetahs?**
3. **Wie was die bofbalheld met wie Marilyn Monroe in 1954 getroud is?**
4. **Wat word die groot internasionale fietswedren wat jaarliks in Maleisië gehou word, genoem?**
5. **Watter Suid-Afrikaanse krieketspeler, wat op 30 Desember 2005 oorlede is, se bynaam was *Bunter*?**
6. **Watter swemmer, wat later beroemd sou word as Tarzan op die silwerdoek, het in 1924 drie Olimpiese goue medaljes in Parys gewen?**
7. **Wie was die onbekende tennisspeler van Siprus wat in 2006 tot die eindstryd van die Australiese Ope deurgedring het?**
8. **Wie het Ray Jennings opgevolg as afrigter van die Suid-Afrikaanse krieketspan?**
9. **Teen watter bokser het Victor Toweel in 1950 die heel eerste wêreld bokstitel vir Suid-Afrika ingepalm?**
10. **Waar en in watter jaar is die eerste Olimpiese Spele van die moderne tyd gehou?**

ANTWOORDE:

1. **Jesse Owens**
2. **Rassie Erasmus**
3. **Joe DiMaggio**
4. **Die *Tour de Langkawi***
5. **Eddie Barlow**
6. **Johnny Weissmuller (VSA)**
7. **Marcos Baghdatis**
8. **Mickey Arthur**
9. **Manuel Ortiz**
10. **Athene, Griekeland, 1896**